SOLIDARITEIT

1. Bepalings en voorwaardes:
   1.1 Hierdie subsidievoordeel is slegs beskikbaar vir volwaardige Solidariteit-lede of hul afhanklike kinders wat by een van die volgende akademiese instellings studeer:
   - Akademia
   - Sol-Tech
   - Bo-Karoo Opleiding
   - Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut
   - Die Wolkskool (Solidariteit Skoleondersteuningsentrum)

   1.1.1 Subsidie geld slegs vir langtermynkursusse by Akademia, Sol-Tech en Bo-Karoo Opleiding. By Helpende Hand se Opleidingsinstituut geld dit slegs vir die Tuisversorging-kursus.

   1.2 Solidariteit sal die subsidie direk aan die betrokke akademiese instellings waar die lid of afhanklike kind geregistreer is, betaal. Die waarde van die subsidie is:

   1.2.1 R3 000,00 (drie duisend rand) indien die lid vir 12 maande, maar minder as 5 jaar, 'n lid van Solidariteit is.

   1.2.2 R6 000,00 (ses duisend rand) indien die lid vir 5 jaar, maar minder as 10 jaar, 'n lid van Solidariteit is.

   1.2.3 R9 000,00 (nege duisend rand) indien die lid vir 10 jaar of langer 'n lid van Solidariteit is.

   1.2.4 Gratis toegang tot die Wolkskool vir drie maande indien die lid vir een maand of langer 'n volwaardige lid van Solidariteit is.

   1.3 Die tydperk van lidmaatskap word bereken vanaf die datum van aansluiting as volwaardige Solidariteit-lid tot op die datum van die aanvang van die kursus.

   1.4 Geen lid mag lidmaatskapgelde vooruit of terugwerkend betaal om vir die subsidie te kwalifiseer nie.

   1.5 Hierdie voordeel is slegs 'n eenmalige betaling en geen lid of afhanklike kind wat reeds die voordeel ontvang het, sal weer vir die voordeel kwalifiseer nie.

   1.6 Die lid of die lid se afhanklike kind moet reeds 'n ingeskrewe student by die akademiese instelling wees ten tye van die aansoek vir die korting.

   1.7 Deur hierdie aansoek te voltooi en aan Solidariteit te stuur, beteken nie dat u aansoek goedgekeur is nie. Solidariteit sal u skriftelik in kennis stel of u aansoek goedgekeur is al dan nie.

2. Uitbetaling van subsidie:
   2.1. Solidariteit sal die subsidiebedrag direk aan die betrokke akademiese instelling betaal.
   2.2. Die uitbetaling sal binne 14 dae nadat die aansoek goedgekeur is aan die akademiese instelling oorbetaal word.

3. "Afhanklike kind" beteken die volwaardige lid se kind of aangenome kind wat op die datum van die aanvang van die kursus nog nie 22 jaar oud is nie. Indien die lid se kind reeds 22 jaar oud is, sal sodanige kind nie vir die voordeel in aanmerking kom nie, tensy sodanige kind self 'n lid van Solidariteit is en die tydperk van lidmaatskap voldoende is om vir die subsidie te kwalifiseer.

4. Slegs volwaardige lede wat aan hierdie bepalings en voorwaardes voldoen, kwalifiseer, en lede met 'n lidmaatskap van Solidariteit se Jongwerkende-aanbod kwalifiseer nie.

5. Hierdie voordeel tree in werking op 1 Januarie 2025.